SAKE 24 (Burger Oos Kaap), Saterdag
23 Jun 2007
Page : 13 #

Verhandeling in Cenmag-aandele op JSE opgeskort

Gerhard Mulder, Johannesburg

Cenmag se notering op die JSE is gister tydelik opgeskort.

Die JSE het 'n verklaring uitgereik waarin hy die verhandeling van aandele in Cenmag "met onmiddellike effek" opskort.

Cenmag het Dinsdag aan sy aandeelhouers gesê dat hy al sy huidige bedrywighede gaan verkoop en 'n ander maatskappy, TelePassport, gaan koop.

Die JSE sê die opskorting sal geld totdat "duidelikheid verkry is" oor die stand van dié transaksie.

Mnr. James Herbst, finansiële hoof van TelePassport, het gister gesê die JSE wil slegs duidelikheid hê oor die datums van die transaksies. Volgens hom is die kontrak om Cenmag se bedrywighede aan Blaf Investments te verkoop, geteken vóór die kontrak wat Herbst se konsortium beheer gee oor Cenmag.

Hy sê albei kontrakte is wettigen bindend. Hy hoop dat die opskorting binne " 'n dag of twee" opgeklaar sal word.

Cenmag se finansiële direkteur, mnr. Victor Farkas, was nie gister beskikbaar om kommentaar te lewer nie.

Cenmag het Dinsdag 'n omvattende verandering in sy struktuur aangekondig. Hy gaan TelePassport, 'n telekommunikasiemaatskappy in private besit, teen R126,3 miljoen ten volle verkry.

Terselfdertyd verkoop hy al sy huidige bedrywighede, die vervaardiging en verspreiding van elektromagnete en voertuigonderdele, aan Blaf Investments teen R1,3 miljoen.

Blaf Investments word uitsluitlik besit deur Farkas en me. Eliane Greenblatt. Farkas en Greenblatt hou ook elk 25% van Cenmag se uitgereikte aandele.

Die meerderheid van Cenmag se aandele word tans deur 'n baie klein groep gehou.

Buiten Farkas en Greenblatt se 50%-belang, hou Blaf Investments 'n verdere 30%. Die Lane-familiebeleggingsmaatskappy hou 10% van die aandele. Die ander bykans 10% word in die ope mark verhandel.

Ná die veranderinge, sal die Herbst-konsortium 'n 18%-belang in Cenmag hou. Farkas, Greenblatt en Blaf Investments sal geen belang in Cenmag hou nie. Te danke aan die aandele-uitreiking wat Cenmag doen om TelePassport te verkry, sal die meerderheid van Cenmag se aandele in die ope mark verhandel word.

Waar Cenmag vir etlike jare teen 8c per aandeel een van die goedkoopste aandele op die beurs was, het die aandeelprys teen Woensdag, nadat klein volumes verhandel is, op R3,50 gesluit.

Herbst sê egter daar is nog nie 'n ware prys vir die aandeel nie, aangesien Cenmag nog nie in sy TelePassport-inkarnasie getoets is nie.

Die nuwe aandele sal teen R2,50 elk uitgereik word.